testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2016

# GRAAD 9

# EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 100**

**10 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

**Lees die instruksies versigtig deur en pas hulle sorgvuldig toe.**

1 Hierdie vraestel bestaan uit bestaan uit AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C EN AFDELING D gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV dokument.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ALLE ONDERWERPE** | | |
| VRAAG 1.1 Meervoudigekeuse-vrae | (10) | [5x2 = 10] |
| VRAAG 1.2 Pasitems | (5) | [5x1 = 5] |
| VRAAG 1.3 Waar of Onwaar | (5) | [5x1 = 5] |
| | **[20]** | |
| **AFDELING B: DIE EKONOMIE** | | |
| VRAAG 2.1 Ekonomiese stelsels | (12) | |
| VRAAG 2.2 Ekonomiese Kringloop (Diagram) | (12) | |
| VRAAG 2.3 Prysteorie (Grafiek) | (12) | |
| | **[36]** | |
| **AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID** | | |
| VRAAG 3.1 Kontant- en KredietJoernale | (23) | |
| VRAAG 3.2 Algemene Grootboek | (6) | |
| VRAAG 3.3 Rekeningkundige Vergelyking | (6) | |
| | **[35]** | |
| **AFDELING D: Entrepreneurskap** | | |
| VRAAG 4 Ekonomiese Sektore | **[9]** | |

2 Alle vrae is verpligtend.
3 Kandidate moet hulle kennis, vaardighede en insig toepas wanneer hulle vrae beantwoord.
4 Beantwoord al die vrae (AFDELING A – D) in die ANTWOORDEBOEK.
5 Skryf netjies en leesbaar.
6 Die gebruik van nie-grafiese en nie-geprogrammeerde sakrekenaars is toelaatbaar.
7 Gebruik slegs ŉ blou of swart pen.

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

Verskeie keuses word as moontlike antwoorde op die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 Die sisteem wat ŉ land gebruik om sy ekonomiese probleem van skaarsheid op te los.

A Produksiesisteem
B Ekonomiese sisteem
C Bemarkingsisteem
D Ruilhandelsisteem

1.1.2 ŉ Besigheid verkoop ŉ produk teen ŉ verkoopsprys van R25 600 met ŉ $33\frac{1}{3}\%$ winsopslag. Bereken die kosprys.

A R19 248,12
B R1 924, 81
C R19 200
D R20 000

1.1.3 Besighede verkoop hulle goedere op die ...

A verbruikersmark.
B faktoremark.
C finansiële mark.
D goedere-en-dienstemark.

1.1.4 ŉ ... vind plaas wanneer produseerders gewillig en in staat is om ŉ groter hoeveelheid van die goed of dienste-te produseer teen elke prys.

A verhoging in verskaffing
B verhoging in aanvraag
C verlaging in aanvraag
D verlaging in verskaffing

1.1.5 Talle goedere gaan deur al drie sektore van die ekonomie wanneer dit vervaardig word en dit staan bekend as die ...

A verspreidingsketting.
B vaardigheidsketting.
C produksieketting.
D Geeneen van die bogenoemde nie

(5x2) **(10)**

1.2 **PASITEMS**

Kies die beskrywing in Kolom B wat by die term in kolom A sal pas. Skryf slegs die korrekte letter (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die antwoordeboek.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Uitbuiting | A Om verbruikers te beskerm teen hoë rentekoerse |
| 1.2.2 Geslote ekonomie | B Wanneer die debiteur te veel moes betaal is volgens sy faktuur |
| 1.2.3 Monopolie | C ŉ Ekonomie waar geen handel plaasvind buite die plaaslike ekonomie nie |
| 1.2.4 Nasionale kredietwet | D Entrepreneurs betaal arbeiders ŉ minimumloon om die koste laag te hou en sodoende ŉ hoër wins te maak |
| 1.2.5 Debiteureafslagjoernaal | E Die beheer van ŉ industrie of diens deur slegs een maatskappy |
| | F ŉ Ekonomie waar geld, goedere en dienste in en uit die plaaslike ekonomie vloei |

(5x1) **(5)**

1.3 **WAAR OF ONWAAR**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die korrekte vraagnommer.

1.3.1 Die beloning vir natuurlike hulpbronne is rente.

1.3.2 Wins = kapitaal – onttrekkings + uitgawes

1.3.3 ŉ Kredietverkoop is ŉ transaksie waar die goedere verkoop word, maar die verbruiker betaal eers aan die einde van die maand.

1.3.4 Marx het ŉ ekonomiese filosofie ontwikkel wat verduidelik hoe gemengde ekonomië werk.

1.3.5 Wanneer die besigheid ŉ inskrywing aan die linkerkant van die rekening maak, word die rekening gedebiteer.

(5x1) **(5)**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**DIE EKONOMIE**

**VRAAG 2**

**EKONOMIESE STELSELS**

2.1 Voltooi die tabel hieronder waarin die term *ekonomiese probleem.* (2)

2.2 Vergelyk die eienskappe van die drie ekonomiese stelsels vergelyk word. Skryf die antwoorde (2.2.1 – 2.2.6) in jou antwoordeboek.

| EIENSKAPPE | BEPLANDE EKONOMIE | MARK EKONOMIE | GEMENGDE EKONOMIE |
|---|---|---|---|
| **Staatsbeheer** | **2.2.1** | Geen beheer | **2.2.2** |
| **Eienaarskap van produksiefaktore** | **2.2.3** | **2.2.4** | Privaat |
| **Pryse** | **2.2.5** | Kompetisie bepaal pryse | **2.2.6** |

(6)

2.3 **Gevallestudie – Globalisering**

Die bestaan van onderbetalende fabrieke (sweatshops) is nie net ŉ ekonomiese kwessie nie, maar ook ŉ menseregte kwessie, want dit lei tot uitbuiting van ekonomies kwesbare individue soos vroue en kinders. Bewusmakingsorganisasies skat dat 85% van hierdie werkers jong vroue tussen die ouderdom van 15 en 25 jaar is.

*Bron: Today, bl. 32*


2.3.1 Gee EEN voordeel van globalisering in ŉ ekonomie. (2)

2.3.2 Gee EEN nadeel van globalisering. (2)
**[12]**

## VRAAG 3

## EKONOMIESE KRINGLOOP

Bestudeer die onderstaande vloeidiagram van die ekonomiese kringloop en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.




| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Identifiseer 3.1.1 – 3.1.6 in die bostaande diagram. | (6) |
| 3.2 | Bespreek kortliks die regering se interaksie met besighede. | (4) |
| 3.3 | Benoem die vierde deelnemer in 'n geslote ekonomie. | (2) **[12]** |

**VRAAG 4**

**PRYSTEORIE**

Bestudeer die volgende Aanvraagskedule vir die DVD's en CD's by MUSEO's SOUNDS en beantwoord die vrae wat volg.

**MARKAANVRAAG- EN AANBODSKEDULE VIR DVD's en CD's**

| PRYS (R) | AANVRAAG HOEVEELHEID | AANBOD HOEVEELHEID |
|---|---|---|
| 100 | 250 | 50 |
| 120 | 200 | 100 |
| 140 | 150 | 150 |
| 160 | 100 | 200 |
| 180 | 50 | 250 |

4.1 Gebruik die bostaande skedule en teken 'n vraag en aanbod kurwe op dieselfde asse stelsel. (6)

4.2 Noem die punt waar vraag en aanbod ontmoet. (1)

4.3 Dui aan wat die prys en hoeveelheid by Vraag 4.2 sal wees. (2)

4.4 Verduidelik kortliks die wet op verskaffing van DVD's en CD's. (2)

4.5 Watter soort verhouding bestaan tussen prys en die hoeveelheid verskaf? (1)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING B: 36**

**AFDELING C**

**FINANSIËLE GELETTERDHEID**

**VRAAG 5**

**JOERNALE** **[23]**

M. Adam het haar besigheid, Adams Plastics, op 1 Julie 2014 geopen. Die besigheid gebruik ŉ winsopslag van ŉ 30% wins op die kosprys.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

Gebruik die inligting wat voorsien word om die transaksies in die verskillende joernale aan te teken:

5.1 Kontant ontvangste joernaal met ontledingskolomme vir Ontleding van Ontvangste; Bank; Verkope; Koste van Verkope; Debiteurekontrole en Diverse Rekeninge (7)

5.2 Kontantbetalingsjoernaal met ontledingskolomme vir Bank; Handelsvoorraad en Diverse Rekeninge (6)

5.3 Debiteurejoernaal met kolomme vir Verkope en Koste van Verkope (4)

5.4 Debiteure-afslagjoernaal met kolomme vir Debiteure-afslag en Koste van Verkope (6)

**BELANGRIK: MOENIE** die joernaal op 31 Julie 2014 afsluit nie.

**TRANSAKSIES VIR JULIE 2014:**

**03** Voorraad verskaf op krediet aan B. Baloyi, R680. Faktuur 35 uitgereik. Kontantverkope volgens die kasregisterrol R4 000.

**05** B.Baloyi het voorraad teruggebring omdat dit beskadig was, R200. Kredietnota 19 is uitgereik.

**11** Tjek 92 uitgereik aan Barack Groothandelaars vir R5 200 vir die volgende aangekoopte items: Voorraad van R4 200 en R1 000 Skryfbehoeftes vir kantoorgebruik.
D. Sohni het gekla dat sy nooit ŉ 5% handelskorting op haar mees onlangse aankope van R1 200 gekry het nie. Kredietnota 20 is uitgereik.

**18** B. Baloyi het ŉ tjek van R400 gestuur vir ŉ gedeeltelike betaling van sy rekening. Faktuur 50 is uitgereik.

## VRAAG 6

## ALGEMENE JOERNAAL

6.1 Die onderstaande inligting is geneem van LIJO WINKELS se boeke. Wys die volgende inskrywing in die Grootboek rekening vir Mei 2014: **[6]**

Debiteurekontrole

6.2 Balanseer die rekening.

**DEBITEUREJOERNAAL VAN LIJO WINKELS – MEI 2014** **DJ 1**

| FAKTUUR NR. | DAG | DEBITEURE | FOL | VERKOPE | | KOSTE VAN VERKOPE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 241 | 20 | J. Daniels | D1 | 2 164 | - | 1 731 | 20 |
| | | | | **2 164** | **-** | **1 731** | **20** |
| | | | | **B8/N1** | | **B7/N2** | |

**DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL VAN LIJO WINKELS – MEI 2014** **DAJ 1**

| DEBIET-NOTA NR. | DAG | DEBITEURE | FOL | DEBITEURE AFSLAG | | KOSTE VAN VERKOPE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C/N 10 | 22 | J. Daniels | D1 | 300 | - | 240 | - |
| | | | | 300 | - | 240 | - |
| | | | | **N3/B8** | | **B7/N2** | |

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN LIJO WINKELS – MEI 2014** **CRJ 1**

| Dok Nr. | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van Ontvangste | | Bank | | Verkope | | Koste van Verkope | | Debiteure Kontrole | | Diverse rekeninge | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | Bedrag | | Fol | Besonderhede |
| 75 | 25 | J. Daniels | | 1 500 | - | | | | | | | 1 500 | - | | | | |
| CRT1 | | Verkope | | 4 300 | - | 5 800 | - | 4 300 | - | 3 440 | - | | | | | | |
| | | | | | | **5 800** | **-** | **4 300** | **-** | **3 440** | **-** | **1 500** | **-** | | | | |
| | | | | | | **N1** | | **N2** | | **B8** | | | | | | | |

b.o.

**VRAAG 7**

**REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**

Ontleed die onderstaande transaksie van ELSAC-WINKELS vir Junie 2014. MOENIE DIE BEDRAG WYS NIE. DUI SLEGS DIE EFFEK AAN, bv. wys ’n toename met ’n (+) en ’n afname met ’n (-). **[6]**

**05** J. Schmit het voorraad teruggebring omdat dit beskadig was, R400. Kredietnota 56 is uitgereik.

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D**

**ENTREPRENEURSKAP**

**VRAAG 8**

**EKONOMIESE SEKTORE**

> “’n Aartappelboerdery moet die dienste van ’n rekenmeester verkry om die boeke en belasting te doen. Die boer benodig kunsmis en plaagdoder wat in groot hoeveelhede deur boere gebruik word.”

Identifiseer die DRIE sektore in die ekonomie in die uittreksel en bespreek kortliks die interaksie tussen hierdie drie sektore. **[9]**

**TOTAAL AFDELING D: 9**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**